Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

September 2009



Jou God is Koning!

Lees binne...

- **Skrifbeskouing: oorbrug die kloof** – 1
- **Pasop vir kloof tussen teologiese opleiding en gemeentes** – 2
- **Versoeningsgesprek** – 2
- **Nuwe ooreenkoms oor teologiese opleiding** – 4
- **Die taal wat ons preek** – 5
- **SENTIK se nuwe boekwinkel geopen** – 5
- **Briewe** – 6, 7

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Skrifbeskouing – ons moet die kloof oorbrug (Dr Gert Malan)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:** Pasop vir ’n kloof tussen teologiese opleiding en gemeentes
  Versoeningsgesprek (Prof Theuns Dreyer)
- Bl 3 **Skrifkennis**
  Titus, ’n halfvergete apostel (Prof Ben Engelbrecht)
  Leserskompetisie
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
  Nuwe ooreenkoms oor teologiese opleiding
  ThaciSA nou beskikbaar (Prof Natie van Wyk)
  Beroepe aanvaar
  Die taal wat ons preek (Dr Christo Pretorius)
  SENTIK se nuwe boekwinkel geopen
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
  Lesersbriewe oor evolusie en ander onderwerpe
- Agterblad **Oordenking**
  Leef deur die liefde soos Jesus (Ds Johan Ayres)

Pasop vir ’n kloof tussen teologiese opleiding en gemeentes

Dr Gerhard Lindeque skryf in sy redaksionele berig dat die manier waarop ons in die Kerk debatte voer, in ’n groot mate bepaal word deur ons hantering van die Bybel. Dit is ook goed so. Die Bybel behoort die bron en norm van ons geloof te wees. Dit maak nie saak wat die onderwerp van die debat is nie, uiteindelik gaan dit om Skrifbeskouing. Daarom wil *Die Hervormer* die gesprek in die Kerk oor Skrifbeskouing stimuleer.

Hy verwys verder na die artikel van **dr Gert Malan** oor Skrifbeskouing. Daarin maak dr Malan gebruik van die metafoor van ’n kloof wat oorbrug moet word. Dit is ’n toepaslike beeld om iets te verduidelik van die uitdagings wat daar vir ons is in die hantering en interpretasie van die Bybel. Maar dit is ook in ’n ander sin van toepassing. Dit kan ook dien as ’n waarskuwing teen die kloof wat kan ontstaan tussen teoloë en lidmate, tussen teologiese opleiding en die geloofsbelewenis van gemeentes van die Kerk.

Dat daar altyd ’n afstand tussen die teologiese opleiding en die gemeentes van die Kerk moet wees, is gesond en bevorderlik. Maar wanneer hierdie twee dele van die liggaam vervreemd raak van mekaar, is dit tot albei se nadeel. Ons sal daarteen moet waak dat hierdie afstand ’n kloof word wat te wyd raak om te oorbrug.

Die teoloë van die Kerk wat gemoeid is met die teologiese opleiding sal moet besef dat die lidmate van die Kerk die Bybel anders hanteer as die manier waarop dit byvoorbeeld aan ’n universiteit geskied. En lidmate sal ook meer moeite moet doen met ons teologiese toerusting. Ons behoort deur Bybelstudies, kursusse en leeswerk onsself beter op die hoogte te bring met ontwikkelings in die teologie. Ons behoort in die Kerk meer begrip vir ons teoloë se situasie te toon. Hulle is immers ook eerlike, gelowige mense wat deur God geroep is om ’n bepaalde roeping in die Kerk te vervul. Ons behoort die goedbedoelde leiding wat hulle aan die Kerk gee, nie met agterdog te bejeën nie.

Skrifbeskouing – ons moet die kloof oorbrug

Dr Malan vra in sy artikel: Hoe dink ons oor en hoe lees ons die Bybel? Gelowiges lees die Bybel om God te ontmoet en in verhouding met God te leef, maar ook om nuwe aspekte van ons verhouding met God te ontdek.

Telkens wanneer ons die Bybel lees, staan ons verbaas en verwonderd oor die boodskap dat God nie alleen wil wees nie, maar in verhouding met mense wil staan. Dit gaan ons verstand te bowe dat die ewige en heilige

God met sterflike sondaars ’n pad wil loop. Ja, dit is ’n uitsonderlike verhouding: dat Een wat oneindig ons meerdere is, aan ons absoluut minderes verbind wil wees.

Ons vind egter nie net een boodskap in die Bybel nie, nie net een teologie nie, maar ’n verskeidenheid. Soms weerspreek Bybelse dokumente mekaar, soos Jakobus en die briewe van Paulus. Die Bybel is ook nie altyd maklik om te verstaan nie. Ons kry in die Bybel te doen met gebruike, instellings en voorstellings wat vir ons vreemd is, soos offers en slawerny. Verder is die sosiale leefwêreld van die Bybelse tye deur mans gedomineer, en vrouens het aan hulle mans of vaders behoort en was aan hulle gesag onderwerp. Daar was byvoorbeeld verskillende soorte huwelike, baie anders as wat ons ken.

Hoe anders is ons leef- en denkraamwerk nie! Dit is in baie opsigte wêrelde verwyder van dié van die onderskeie Bybelse dokumente. Ons is soos stappers op ’n lang ontdekkingstog wat ’n baie diep en wye kloof moet oorsteek. Verskillende keuses kan oorweeg word: Ons kan terugdraai en die reis gewonne gee, of op die rand van die kloof uitkamp, tevrede om bloot na die oorkant te kyk. Of ons kan die waagstuk aanpak deur maniere te vind om die kloof te oorbrug en die reis voort te sit.

Stappers op ’n ontdekkingsreis help mekaar, sodat almal deur ’n diep en gevaarlike kloof kan kom en almal saam die nuwe uitsig kan geniet. Hoeveel te meer behoort dit nie van gelowiges waar te wees nie, omdat ons almal die visie het om voortdurend nuwe uitsigte oor ons verhouding met God te mag sien. So sal ons verwondering oor God, wat met ons besig wil bly, nie stagneer of verstil nie. Nee, dit sal ons aanspoor om die avontuur voort te sit, entoesiasties daaroor om voortdurend só met God en met mekaar op ’n ontdekkingsreis te wees.

Versoeningsgesprek

Prof Theuns Dreyer skryf oor die versoeningsgesprek tussen lede van die vorige Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en lidmate wat oor bepaalde formulerings in ’n verslag van dié Kommissie beswaard was.

Dr Johan Steenkamp het namens ’n aantal lidmate by die Kommissie van die AKV beswaar gemaak oor sekere formulerings in die verslag van die vorige Kommissie wat in die Agenda van die 68ste AKV opgeneem is. Die Kommissie het ’n gesprek tussen lede van die vorige Kommissie en die beswaardes gefasiliteer. Tydens die gesprek het die beswaardes gestel dat hulle deur sekere uitlatings geïnkrimineer is. Lede van die vorige Kommissie het aangetoon dat dit nie hulle bedoeling was om persone verdag te maak nie. Die beswaardes is egter van oortuiging dat hulle wel seergemaak is. In dokumentasie van die HCM Fourie Stigting en Koers in Leer- en Lewenskwessies is daar egter ook voorbeelde van inkriminerende opmerkings teenoor die vorige Kommissie.

Die uitkoms van die indringende gesprek was dat albei partye bereid was om wedersyds verskoning aan te bied vir uitsprake en formulerings wat oop was vir ’n interpretasie dat dit persone verdag gemaak het. Die saak word daarmee as afgehandel beskou.

Ek wil weer eens ’n beroep op alle ampsdraers en lidmate doen, dat elkeen wat deelneem aan die kerklike debat, dit op so ’n wyse doen dat dit die Kerk waardig is. Ons moet ons daarvan weerhou om ander persone met skerp formulerings of insinuasies verdag te maak, of te probeer etiketteer.

LESERSKOMPETISIE

Die wenner van ons eerste leserskompetisie is Tjaard Greyling van Rustenburg. Baie geluk! U sal die R100-geskenkbewys van CUM in die pos ontvang.

Leserskompetisie 3
Vraag: In watter grondtale is die dokumente van die Bybel oorspronklik geskryf?

SMS die antwoord voor 30 September 2009 na **071 229 8903.**

Die prys is ’n eksemplaar van dr Gert Malan se boek *Om die Bybel (beter) te verstaan.*